meyersvlei
Bonsmara
@MeyersvleiBonsmara

LOT 38
HVD190126

HVD190126 is 'n bul met indrukwekkende syfers. Hy is geskik vir verse en sal goeie speenkalwers teel. HVD190126 is 'n "curve bender" wat spog met geboorte-direk van 105; speenindeks van 103 en GDT van 122.

Sy lengte:hoogte verhouding is 1.26 en reproduksie indeks 107. Hy speen 60.7% van sy ma se gewig. Moet hom nie deur jou vingers laat glip nie.

Mede-ROOIRASliefhebbers

Dit is 'n groot voorreg om 2022 se span bulle vir Meyersvlei Bonsmara se 6DE PRODUKSIEVEILING bekend te stel.

"A river cuts through rock not because of its power, but its persistence" - Anoniem

Ons het presies hierdie waarheid beleef die afgelope 6 jaar. Met ons 4de produksieveiling het ons ons teelbeleid bespreek, asook sekere kuddebulle (onder andere vandag se Lot 4). Dit is lekker om die vrugte te begin pluk van daardie visie. Glo my – 2023 gaan DV 'n ongelooflike aanbieding hê, te oordeel aan die uitstekende teelmateriaal waarmee ons sederdien geseën is vir ons kudde.

Om bulle te teel is nie maklik nie, maar is tog so bevredigend. Dit is vir elke bul 'n lang en moeilike pad vanaf Fase D tot die finale screening om tot op die veiling te kom. Vanjaar wil ons die praatwerk doen deur die aanbod: 13 bulle geskik vir verse, 4 kuddevaars, asook 4 gebruiksbulle maak dié ons mees diverse veilig tot op hede.

In 2020 het ons HVD180086 bespreek en was ons baie opgewonde oor sy impak op ons kudde. Met 'n sterk erfdwang het hy hom deur en deur bewys en kan ons dus vanjaar met trots hierdie vlagskip aanbied. HVD180086 is 'n bul wat nog diep spore gaan trap in die bedryf , soos die spreekwoord sê: "You cannot keep a good man down!".

Ons sien uit om julle op die 20e Julie 2022 om 11h00 op Meyersvlei te verwelkom. Alle eer aan ons Hemelse Vader vir die groot voorreg om met hierdie diere en hierdie mense te werk.

Mooi loop.
Meyersvlei span

Designed by www.33interactive.co.za

meyersvlei
Bonsmara
@MeyersvleiBonsmara

Lewendig & Digitaal
SIMULCAST AUCTION

Hennie van Dyk 082 901 6327 Johan van Dyk 076 511 6387

AANBOD:

50 BULLE
+/-150 VROULIK
van gasverkopers

Bulle word gratis afgelewer in 200km radius

est 2009 meyersvlei **Bonsmara**
Prestasie Gedrewe Genetika

Entingsprogram:
Nov 2021 Knopvel, stywesiekte, lam-, milt en sponssiek

WOENSDAG
20 JULIE 2022
11:00
PLAAS MEYERSVLEI
DISTRIK STANDERTON
GPS: S26° 44' 08.6" O29° 16' 27.1"

6 DE PRODUKSIE VEILING

BM vry getoets. Vrugbaarheid en dragtigheidstatus bekend op dag van veiling.

BONSMARA SA

NAVRAE: Tielie Crawford 082 331 2038, Carel Davel 082 331 1811 **AFSLAER:** Billy Lyons 082 785 5498
Vir volledige besonderhede en voorwaardes besoek gerus ons webtuiste:
www.bkb.co.za

BKB

Hennie van Dyk 082 901 6327 Johan van Dyk 076 511 6387

LOT 2
HVD190166

HVD190166 vang jou oog met sy wakker trotse houding. Sy donker pigment, blink vel en haar, goeie skofontwikkeling en netjiese stertaanhegting komplimenteer sy uitstaande indekse op kalwingsgemak (105), vrugbaarheid(104) en onderhoudswaarde(117)..Hy is geskik vir verse en spog met beide Poggenpoel (BBM050050) en Meyersvlei (BBN090176) beproefde kuddevaars in sy stamboom. Sy pa, HVD 160103, het sewe seuns op hierdie veiling.

LOT 4
HVD180086

HVD 180086 is 'n bul met 'n sterk erfdwang. Hierdie kuddevaar kom uit 'n top moederlyn: sy ma **OLI140014** lewer klokslag 'n prentjiemooi kalf. Hierdie "easy fleshing" kleinseun van **BBN09176** is 'n "looker",net soos sy pa **HVD 150066**, met ons 2018 produksie veiling. Sy manlikheid, houding en bouvorm beïndruk dadelik. Let op sy reguit rug, lang boud, netjiese stertaanhegting en lang stert. Goeie kloue verseker 'n gemaklike gang en balans. **HVD180086** is die beste stoetbul wat ons geteel het tot op hede. Moet hom nie mis nie.

LOT 5
HVD200024

Op twee-en-'n-half jarige ouderdom is **HVD200024** vroeg ryp en propvol potensiaal. Hy beïndruk dadelik met sy mooi donker pigment en los nekvel. Die bul toon mooi skofontwikkeling en goeie balans tussen sy voor-en agterkwarte.

Boonop toon sy onderhoudswaarde (124) dat hierdie kapasiteit sterk in sy gene vasgelê is. Ons is opgewonde oor die toekoms van hierdie jong, goedgeteelde bul uit top bloedlyne.

LOT 28
HVD190243

Hierdie bul is die beste van twee sterk bloedlyne: sy vader is JCV110283 en sy moeder is OLI140114, wat met 'n gemiddelde speenkalfverhouding van 105/5 beïndruk. **HVD190243** beskik oor besonderse vel en haar en toon mooi verdonkering. Hy het regdeur die bank bogemiddelde syfers. Hierdie bul moet jy merk!

LOT 32
HVD200028

HVD200028 is 'n twee-en-'n-half jaar oue stoetbul, geskik vir verse. Sy speenindeks is 106 en hy is die tweede langste bul op die veiling. Hy het HOPE POTENSIAAL!

LOT 36
HVD190278

HVD190278 is nog 'n seun van JCV110283. Dié donker bul het uitsonderlike vel en haar. Hy is 'n wakker bul met goeie balans en gemaklike gang. Met 'n reproduksie indeks van 117 gaan hy beslis 'n verskil maak in jou kudde.

33 Interactive Graphic Design

Hennie van Dyk 082 901 6327 Johan van Dyk 076 511 6387

LOT 19

BBM180358

BBM180358 is 'n kuddevaar met 'n sterk erfdwang. Sy stamboek strek terug tot by JRB030025 van Bristow Bonsmara, een van die oudste kuddes in die land. Sy teelwaardes is baie goed en sy melksyfer is 6.3.

Ten spyte van sy geboorte-indeks, is sy kalwers gemiddeld 35kg by geboorte.

LOT 25

HVD190139

HVD190139 spog met 'n reproduksie indeks van 108 en het besonderse moederlyne – dit is die tipe bul waarmee ons graag teel. Hier is nog 'n seun van HVD160103 met 'n mooi manlike kop, gladde vel en haar, goeie bene en sterk kloue.

LOT 26

HVD190105

HVD190105 is een van JCV 110283 se mooiste seuns op die veiling. JCV110283 het beslis sy merk gemaak by beide Meyersvlei en Geldenhuys Bonsmara. HVD190105 is 'n goed-bespierde bul met goeie kapasiteit, 'n indrukwekkende middelstuk en breedte regdeur.

Sy speenindeks is 105, GDT is 102 en lengte: hoogte verhouding is 1.2.

LOT 6

HVD190175

HVD190175 is gebruik op die mooiste verse in ons kudde. Hierdie seun van HVD160103 is 'n wakker, dik stoetbul met min foute en uitsonderlike teelwaardes.

Jy kan nie sy prominente verdonkering, mooi skofontwikkeling, breë kop, kapasiteit en sterk bene en kloue miskyk nie. Lot 6 is geteel om te teel!

LOT 8

HVD190098

HVD190098 is 'n onmiskenbare stoetbul wat kwaliteitspeenkalwers sal teel. Hy kom uit 'n uitsonderlike moederlyn en sy pa, JCV 110283 is 'n vier ster bul met sewe seuns op vandag se veiling. Hy speen 69.6% van sy ma se gewig.

Let op sy besonderse middelstuk, sprong van rib en indrukwekkende skofontwikkeling met mooi manlike verdonkering. HVD190098 het 'n netjiese naelvel en gemaklike gang en sal 'n beduidende verskil maak in enige produksieprogram.

LOT 9

HVD190122

Hierdie allrounder is 'n bul geskik vir verse wat ook mooi vervangingsverse gaan teel. HVD190122 beskik deur die bank goeie syfers wat veral in sy karkaswaardes weerspieël word, ten spyte van die feit dat hy skoon is van die geen.

HVD190122 toon die gesogte donker pigment, 'n diep agterkwart en goeie balans in bouvorm. Dié bul sal 'n groot impak maak op enige kudde.

André PRETORIUS FOTOGRAFIE • PHOTOGRAPHY

Hennie van Dyk 082 901 6327 Johan van Dyk 076 511 6387

LOT 10
HVD190092

HVD190092 dra BAIE vleis: sy goeie sprong van rib en lang boud verleen besonderse diepte en kapasiteit. Hierdie bul speen 70% van sy ma se gewig en spog met 'n melkindeks van 5.1 en 'n reproduksie indeks van 102.

Kyk beslis na sy puik karkaswaardes!

LOT 12
HVD200076

Lot 12 is tradisioneel 'n uitsoekposisie in ons katalogus. Hierdie jaar is hy die jongste, langste en BREEDSTE bul op die veiling – sy oogspier is 145! **HVD200076** is een van Meyersvlei se eerste KI kalwers van SYF150097. 'n Bonus vir sy genetika is sterk LAR bloedlyne aan moederskant.

Hier praat 'n uitsoekstamboek en puik syfers saam van 'n toekomstige stoetbul van formaat: 'n Belegging vir die ernstige teler.

LOT 13
HVD190088

Dié beproefde allrounder is 'n bul geskik vir verse en is in die kudde gebruik. Sy donker pigment, mooi kloue, sterk bene en baie goeie balans is opvallend. **HVD 190088** spog met 'n netjiese stertaanhegting, lang stert en 'n lekker breë rug.

Hy het besonder goeie syfers: melkindeks is 3.8; vrugbaarheid 115, geboorte direk 106 en onderhoudswaarde 117. Hier is die 5 "big easies" van veeboerdery: "easy calving, easy doing, easy keeping, easy fleshing and easy maintenance" beskikbaar vir jou kudde.

LOT 14
HVD190128

Ons voel dat lot 14 die beste bul geskik vir verse is. **HVD190128** is 'n wakker seun van OLI150396, 'n uitstaande Hotvoor kuddevaar wat gereken is vir sy "strike rate". OLI150396 het ses seuns op die veiling.

Getrou aan dié genetika is **HVD190128** "easy fleshy" en uiters gemaklik in sy vel. Sy mooi sprong van rib en breë rug dra by tot eersteklas kapasiteit, en hy het pragtige balans. Jy moes dié bul gemerk het!

LOT 15
HVD190099

Indien geboortegemak een van jou top teeldoelwitte is, is **HVD190099** 'n baie goeie keuse! Hierdie allrounder spog met Syferfontein/ADV genetika aan vaderskant en is 'n kleinseun van ons vlagskipbul, BBN190176.

Sy blink vel en haar, en wakker houding trek dadelik die oog. Merk ook hoe breed hy uit die kambeen is en sy mooi simmetriese testes.

LOT 18
HVD190201

HVD190201 is 'n lang bul met 'n baie goeie lengte:hoogte verhouding van 1.24. Sy breë rug, volheid agter die blad en breedte deur die bors is besonders. Die prentjie word mooi afgerond deur blink vel en haar, 'n netjiese naelvel en mooi testes.